

Saterdag 22 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Konings 18:1-37

Fokusgedeelte: 2 Konings 18:5-7, 11-12, 22, 30, 32

Bly staande in die geloof

Ons elkeen ken die vermanende woorde: “*Pasop dat jou naam jou nie vooruit loop nie*”... of: “*Pas jou naam mooi op, want as jy jou naam eers verloor het, het jy alles verloor.*”

Ons het weereens in ons teks te doen met 'n teenstelling (soos in gister se dagstukkies). Die *ongehoorsame* Israel word teenoor die *gehoorsame* Hiskia gestel. Wanneer ons die naam van koning Hiskia hoor, dan is daar 'n goeie en positiewe getuigenis wat van hom uitgaan! Ons lees daarvan in vers 6: ... *hy het die HERE aangehang sonder om van Hom af te wyk en sy geboorte onderhou* ...

Hierdie getuigenis is NIE soseer gebaseer op hóm as persoon, maar op die werk wat die Heilige Gees deur die geloof in hom bewerk het! Die Heilige Gees het kragtens die geloof die ware Koningskap van Christus in sy hart bewerk! Hy het nie op homself vertrou nie! Dit verg geloofsinspanning! Hy het (soos vs 7 sê) *deur die geloof* opgestaan téén “... *die koning van Assirië en hom nie gedien nie*”. Hy het bly vashou aan die HERE! Hierdie getuigenis word weer later in ons teks deur die *hoofadjutant* herhaal in vers 31 & 32: dat Hiskia hom nie in die geloof laat onderkry het deur die dreigende vyand, Assirië, nie! 'n Geloofsbelofte as getuigenis na BUIITE ... oor wat BINNE in sy hart geleef het!

Die gevaar van die sonde is altyd daar om na ons te wink en ons weg te roep van die HERE. Die stryd van die sonde om jou as geloofskind van die HERE te vervreem sodat jy nie meer die HERE se Koningskap in Christus sal raaksien en uitleef nie! As ware Verbondsgod weet ons in die lig van die Nuwe Testament dat Jesus Christus die Ware Koning is wat in die Ou Testament verkondig is as ware Verbondsmiddelaar wat vir ons sondes kom sterf het. Hiskia het juis deur die geloof daaraan vasgehou! Hy het nie op homself vertrou nie.

Hiskia het nie gekroom om in die geloof staande te bly nie, want hy het óók geweet dat die ware Verbondsgod in sy Koningskap aan hóm as sy kind vashou! Deur die genade en liefde van die HERE wat getrou is aan sy verbondsbeloftes het die HERE vir hom geloofskrag, geloofsmoed en geloofsvolharding gegee om sy roeping uit te leef! Hy kón dit doen omdat sy naam en God se Naam hemels aanmekaar gebind is deur die bloed van sy Seun!

Dié wete, dat ons naam en God se Naam hemels aan mekaar gebind is, gee vir ons 'n geloofsbesef dat ons nie vir onself moet/mag leef nie (HK Sondag 1)!

Leef daardie geloofsbesef in die Naam van Christus uit!

Sing: Psalm 33-1:7

Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)

Sondag 23 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Konings 19:1-37